COMPRESS—SMALL PDF

# Hulp en Hoop

NOVEMBER 2023

Kwartaal 4

**LERAAR**
**Ds Jacques Erasmus**
072 653 9845
ds.jacques.erasmus@gmail.com

**KERKKANTOOR**
PostNet Suite # 50
Privaatsak X 2449
Mokopane 0600
Tel / Faks : (015) 491 3537

**Finansiëel :**
Truly Truter
fin@ngpottiessuid.org.za

**Administrasie** :
Anita Hurn
admin@ngpottiessuid.org.za

**Sentrumbestuurder:**
**SENTRUM / PARKIE VERHURING / BESPREKINGS**
Jaco Koekemoer
082 688 5971

**WEBBLAD**
www.nghulpenhoop.co.za

**FACEBOOK**
www.facebook.com/nghulpenhoopgemeenskapskerk

**GEDENKTUIN NAVRAE**
Besoek die kerkkantoor

## In die uitgawe

Sending en Plaaslike Uitreik 2

Belydenisaflegging 3

Bybelgenootskap 3

Gemeentefoto's 4

*DIT IS 'N TYD VAN AFWAGTING EN VERWAGTING MAAR OOK 'N TYD OM AKTIEF GOD SE LIEFDE IN DIE WÊRELD UIT TE LEEF.*

## Kersboodskap

"Goeie more liewe vriende..."

Dis gewoonlik hoe ek die voorreg het om u elke oggend te groet, as dit nie vakansie is nie. Die dagstukkies is so deel van my lewe en dit is 'n voorreg om ons dag saam te begin om so iets in God se Woord saam te deel. Ek sien baie daarna uit om volgende jaar daarmee voort te gaan.

As ons so aan die einde van 'n jaar staan, is dit tog ook belangrik om te begin dink en beplan en voorberei vir die jaar wat voorlê. Daarom wil ek graag met u as gemeente 'n klompie belangrike inligting deel.

Soos u bewus is, is ons tans besig met 'n beroepingsproses. Ons wil graag weer 'n leraar beroep wat ons kan help met ons Jeug, kategese, ouers en daarmee saam ons hele gesinsbediening en ook graag fokus op ons naskoolse jongmense. Ons besef ook daar is 'n behoefte aan Aanddienste vir die van u wat nie Sondag oggende die dienste kan bywoon nie en tog 'n behoefte het om saam met medegelowiges die byeenkoms van gelowiges te vier om God saam te aanbid. Die leraar gaan ons met die prosesse help om die bedieninge weer op te skerp. Die nuwe leraar kan ons ook help om die Sinode materiaal en jeug program **RITME** te akkommodeer sodat ons meer effektief kan wees in die geloofsvorming van ons jong mense.

Ons gaan ook weer volgende jaar begin met 'n "gestuurde gemeente" program nl **INPAS**. Waar ons saam met ander gemeentes in die sinode, 'n missionale gemeente wees. Ons gaan dit weer begin inoefen sodat dit deel van ons taal, waardes en manier van dink word. Ons skop die jaar af met n Visioneringsaksie (beplanning) waar die leiers van die gemeente en ook ander gemeente lede wat saam wil dink, droom en beplan.

Ons gaan ook meer betrokke raak by **LOVE MY MOKOPANE** waar ons saam met ander organisasies aktief betrokke gaan raak en eienaarskap neem van ons dorp.

Ek wil graag afsluit en Dankie sê, vir die jaar waar u die gemeente ondersteun het en betrokke was. Dankie, vir almal wat elke keer reageer as daar 'n afkondiging is, vir hulp en bystand. Dankie, vir elkeen van u wat 'n bereidwillige hart het. Dankie, vir elkeen wat weet julle is geliefd daarom wil julle liefde bewys.

My gebed is dat elkeen 2024 met dieselfde entoesiasme en dryfkrag sal aangedurf en dat elkeen met 'n nuwe passie God se koninkrykswerk sal aanpak!

Mag julle fantastiese Feestyd beleef en geseën word in die jaar wat voorlê

Groete
DS. Jacques

## ADVENT EN DIE BETEKENIS

Advent is nie dieselfde as Kersfees nie, maar is 'n tyd van verwagting en voorbereiding op die koms van Christus. Die woord Advent beteken ook letterlik 'koms'.

Daar is vier Adventsondae voor Kersfees, Om dit prakties te maak gebruik ons kerse om dit te simboliseer en ook dan weekliks aangesteek word. Elke week se kers simboliseer iets anders:
1: Hoop
2: Vrede
3: Vreugde (pienk)
4: Liefde

So brand al vier kerse tydens die vierde Sondag, terwyl die groot wit Christuskers in die middel op Kersdag aangesteek word. Die kerse herinner ons ook dat Jesus die lig is wat aarde toe gekom het, en dat ons nou ook sy lig deur ons moet laat skyn.

Die kleure in Advent moet ons herinner aan die koms van die Koning. Die mees algemene kleure wat gebruik word, is daarom **koningsblou en purper**. (Let wel – nie pers nie).

Op Kersdag is die kleure wit en goud. Hierdie kleure kan gebruik word ook in die dae na Kersfees tot Epifanie, die 6de Januarie. Die kleur verander dan na groen.

HOOP
Jesus Christus is ons hoop, wat ons verlos het van die sonde en ons ook volmaak van hierdie stukkende wêreld sal verlos wanneer Hy weer kom. Hierdie hoop is vas en seker

VREUGDE
Vreugde is die grondslag van die Christelike geloof. Jou geluk groei as jy God ontmoet en op sy Woord mediteer

VREDE
Jesus se koms na die wêreld bring vrede, dit behels innerlike rustigheid, 'n absolute vertroue wat vrees uit ons lewe weer, en 'n bereidheid om vredemaker te wees en vrede in die lewe van ander te bevorder

LIEFDE
Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes.



## HULP EN HOOP GEMEENSKAPSKERK



# Wat is die verskil tussen Sending en Plaaslike Uitreike

Hand 1:8
"Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."

Beteken dit dat ons Jerusalem toe reis en in die strate van Jerusalem met 'n Evangelisasie veldtog gaan begin? Of in Judea gaan preek of in Samaria gaan kos uitdeel aan die armes?....of Miskien moet ons nou elkeen ons werk bedank en Indië toe gaan en dáár gaan sendingwerk doen. Die Here het mos gesê "Gaan dan na al die nasies toe..." So, ek kan nie langer hier bly sit nie. Ek moet gáán!

*Nee...dis nie nodig nie!!*
Die Kerk van die Here (Sendelinge) is reeds en steeds daar in Jerusalem, en besig om die hande en voete en stem van die Here te wees wat deur sy Gees mense tot geloof wil bring.

Sendelinge is besig waar ons nie self kan kom nie, ons ondersteun hulle wat die roeping het om elders die goeie nuus van God se liefde vir alles en almal te bring! Ons raak betrokke deur kennis te neem van hulle bediening, doen voorbidding en waar moontlik ook met finansiële ondersteuning.

Skakel gerus met Emil Forssman rondom inligting oor sendeling wat ons gemeente ondersteun.

Hiermee ontken ek nie dat die Here wel 'n persoon of 'n sendingorganisasie kan roep om Indië of Korea toe te gaan nie. Maar dit is dan vir 'n baie uitsonderlike doel. .. ek en jy is hier!

***So wat moet ons doen?***
Gaan by jou voordeur uit! Gaan werk toe. Gaan winkel toe. Gaan strate toe. Gaan na die plakkerskampe toe. Hier by die uithoeke van die wêreld is die nasies waarheen die Here ons stuur *op ons voorstoep!* Wees die getuie wat met die krag (vermoë) wat die Heilige Gees gee die Evangelie uitdra. ... gáán dan en maak die mense My dissipels.... jy KAN. "Just do it!"

*Omdat geloof nie sonder werke kan bestaan nie, is uitreike 'n groot deel van die hart van ons Gemeente.*

Deur spesifieke bedieningsbehoeftes raak te sien, funksioneer ons uitreike aan die voorpunt van Christelike dissipelskap en rus ons gelowiges toe om geestelike volwassenheid met ondersteuning te bereik. Ons is gestuurdes van die Here omdat Hy alles en almal wat Hy geskep het, liefhet.

Die kerk van Jesus Christus moet dit laat hoor en leef!

Om gestuurdes van die Heer te wees was nog nooit net die taak van 'n paar mense wat spesifiek daarin belangstel nie. Dit is die taak van alle gelowiges in Jesus Christus. Daarom is ons as gemeente betrokke by God se skepping, hier waar ons nou is en verder.

Ons ervaring is dat mense se nood meer effektief aangespreek word in samewerking met bekwame organisasies in hulle spesialiteitsrigting daarom werk ons nie in isolasie nie maar bou verhoudings.

Projekte waarmee ons met groot sukses besig is, is
Plaaslik
- Ouetehuis en Dienssentrum
  Nie-Plaaslik
- Abraham Kriel Kinderhuis en die Wit-skuiling

Ons gemeente wil graag op die langtermyn aanhou om 'n verskil maak by die projekte. Raak gerus betrokke, dalk het jy idees of selfs 'n hartsbegeerte om betrokke te raak by 'n uitreik wat nie hier genoem is nie.

Kontak gerus vir Kpln Dawie, Ds Jacques of die Kerkkantoor .
Maar die belangrikste is…
Raak betrokke!









## IETS OM OOR NA TE DINK

*OMDAT GELOOF NIE SONDER WERKE KAN BESTAAN NIE, IS UITREIKE IS 'N GROOT DEEL VAN DIE HART VAN ONS GEMEENTE*

'n Man besoek die haarkapper vir 'n haarsny en om sy baard te versorg. Hulle raak aan die gesels oor verskeie onderwerpe. Hulle praat later oor godsdiens en die barbier sê aan die kliëent "Weet jy ek glo nie daaraan dat God wel bestaan nie" Hoekom sê jy so vra die kliëent? Wel, sê die barbier "Gaan net op straat dan sien jy dit As God wê bestaan hoekom is daar da so baie siek mense, so baie verwaarloosde kinders en hoekom verkeer mense in soveel pyn en elende? "Ek glo nie dat so ''n liefdevolle God so iets sou toelaat nie!" Die kliëen besluit om eers stil te bly om sodoende 'n argument te vermy. Die kliëent verlaat die haarkapper se winkel en toe hy buite kom sien hy 'n man op straat met lang vuil kroes hare en 'n verwaarloosde baard.

Hy draai dadelik terug en betree weer die haarkapper se winkel. Hy sê toe aan die barbier…"weet jy haarkappers bestaan ook nie!" "Hoe kan jy so sê " antwoord die barbier verontwaardig. "Ek is dan een en het sopas jou hare gekap en na jou baard omgesien"? Die kliëent wys toe na die man daarbuite en sê aan die barbier...."as barbiere wel bestaan hoekom loop daardie man daarbuite rond met ''n onnet baard en hare"? "O! Ja, barbiere bestaaan wel dit is daardie man se skuld want, hy het nie na my toe gekom om sy hare en baard te versorg nie"
"A HA dit is juis die punt! God bestaan ook en dit is die mense se eie skuld as hulle hul nie na God wend of God opsoek nie"

*"Dit my vriend is die rede hoekom daar so baie seer en pyn in die wêreld is".*



Baie geluk aan die jongmense wat op
5 November 2023
Belydenis van hul geloof afgelê het
TEMA : Groei in die lig!

# Belydenisaflegging

| | |
|---|---|
| Katelyn Blignaut | Mckayla Potgieter |
| Chrizander Coetzee | Chérize Scheepers |
| Joane Claasen | Kara Steyn |
| Dewald De Beer (Jnr) | Nicola Strauss |
| Anebel Emmenes | Micke Theron |
| Milan Francis | Leigh Van Staden |
| Karla Louw | Karla Vogel |
| Carlia Nel | Anja Wiese |
| Waldo Nell | Shenise Williams |






## Bybelgenootskap
Van Suid Afrika

*"Your Committee have now the satisfaction to state that on the 23rd of August in the last year (1820) a Society was formed at the Cape of Good Hope under the designation of the South African Bible Society."*

Hierdie paragraaf uit die 1821-Jaarverslag van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap is die bewys van die amptelike begin van Bybelwerk in Suid-Afrika.

Vandag is die Bybelgenootskap van Suid-Afrika 'n nie-winsgewende maatskappy wat uit vyf streke bestaan, met sy hoofkantoor in Bellville, Kaapstad. Verskillende kerkgenootskappe is lede van die Bybelgenootskap. Die belangrikste beheerliggaam is die Raad van Direkteure.

Die Bybelgenootskap handhaaf gesonde sakebeginsels gerig deur Christelike waardes ten einde die mees effektiewe en doeltreffende diens te lewer.


***Ons Visie***

*'n Bybel vir elkeen.*

***Ons Missie***

*Dit is die taak van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika om bekostigbare Bybels te voorsien vir elkeen in hul eie taal en in geskikte formate sodat almal die lewegewende boodskap van die Woord mag ervaar.*

**Geskiedenis van ons Bybelvertalings:**



2023 was weereens 'n jaar waarop ons as NG Hulp en Hoop met groot dankbaarheid kan terugkyk en besef hoe geseënd hierdié gemeenste is. Wat 'n voorreg is dit nie om deel van 'n fantastiese groep mense te wees wat werklik omgee. Daarom kan ons Dankie-sê vir 'n jaar vol suksesse!!




Poppekas en Kinderkerk

Eredienste

Pannekoekbak by ouetehuis

Aksie Jonk van Gees - Kersete

Jnr Jeug Piekniek